



Cutting Edge / Snykant

RESEARCH NEWS FROM CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL
NAVORSINGSNUUS VAN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL

February / Februarie 2004

No. / Nr. 19

***Phytophthora* bruinvrot bespuitings na goeie deurdringende reëns**

Goeie deurdringende reën kom tans in meeste van die somereënval gebiede voor. Hierdie reëns kan lei tot ernstige na-oesbederfverliese wat deur *Phytophthora* bruinvrot veroorsaak word. Huidige toestande regverdig dus 'n bruinvrotbeheer strategie. 'n Enkele vrug wat besmet is met bruinvrot kan tydens verskeping die res van die vrugte in 'n uitvoerkarton besmet met dramatiese gevolge vir die res van die besending. Heelwat na-oes bruinvrotverliese is verlede jaar a.g.v. laat herfsreëns ervaar deur sekere Oos-Kaap produsente.

In die somerreënval gebiede word bruinvrot op sitrus hoofsaaklik veroorsaak deur die swam *Phytophthora nicotianae* var. *parasitica* en affekteer dit meestal die onderste 1.5m van die vrugte naaste aan die grondoppervlak. Dit behoort dus redelik veiling te wees om slegs hierdie onderste band vrugte te spuit. In die winterreënvalgebiede daarteen kom *Phytophthora citrophthora* ook voor. Hierdie swam beweeg hoër op in die boom en kan vrugte tot bo in 'n sitrusboom besmet. Daar word dus aanbeveel dat die bome in hierdie streke volledig bespuit sal word, na goeie deurdringende reëns geval het.

Beheermaatreëls wat getref kan word:

1. Kontakmiddels soos mancozeb en koper kan gespuit word, slegs as 'n voorkomendemaatreël.
2. Fosfonaatbespuitings, bv. Phytex, het 'n korrektiewe werking en behoort dus aangewend word as 'n blaarbespuiting om bruinvrot te beheer.
3. **Verseker dat die voorskrifte sorgvuldig volgens die etiket nagekom word.**
4. **NB: Verseker dat bome onder geen vorm van stress is wanneer middels toegedien word nie.**
5. Geen fosfonaat bespuitings behoort op Satsumas en ander sagtesitruskultivars, wat gestres word om interne kwaliteit te verhoog, gedoen te word nie.
6. 'n Buitengewone hoë drag beïnvloed ook bome se gevoeligheid vir spanningstoestande, bv. droogte en hoë temperature.

M.C. Pretorius